HOËRSKOOL OOS-MOOT

GODSDIENSBELEID
2024

INHOUDSOPGAWE

1. TITEL VAN BELEID 3
2. INWERKINGTREDINGSDATUM 3
3. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING 3
4. HERSIENINGSGESKIEDENIS 3
5. UITGANGSPUNT EN BASIS 3
6. INLEIDING 3
7. DOEL 4
8. DOELWITTE 4
9. WOORDOMSKRYWINGS EN AKRONIEME 5
10. TOEPASSING EN OMVANG VAND IE BELEID 5
11. WETGEWENDE RAAMWERK 6
12. RELEVANTE BELEID EN PROVINSIALE OMSENDBRIEWE 6
13. IMPLEMENTERING EN OMVANG VAN DIE BELEID 6
    - 13.1 Implementering 6
    - 13.2 Vryheid van gewete 7
    - 13.3 Leerder deelname 7
    - 13.4 Onderwyser deelname 7
    - 13.5 Bevordering van godsdiensvryheid 7
    - 13.6 Godsdienstige vakansiedae vir leerders 8
    - 13.7 Godsdienstige vakansiedae vir onderwysers en ander personeel 8
    - 13.8 Skoolkalender 8
    - 13.9 Dieetbehoeftes 8
    - 13.10 Godsdienstige instruksie 8
    - 13.11 Godsdiensopvoeding 9
    - 13.12 Saalopening 9
    - 13.13 Nie-publieke godsdienstige vakansiedae 9
    - 13.14 Publieke godsdienstige vakansiedae 9
    - 13.15 Godsdiens en toelating 9
    - 13.16 Sluiting van die skool 10
    - 13.17 Godsdienstige drag en simbole 10
14. AKKOMMODERING VAN GODSDIENSTIGE EN/OF KULTURELE GEBRUIKE VAN LEERDERS 11
15. GOEDKEURING 13

WYSIGINGSGESKIEDENIS

Aard van wysiging	**Datum goedgekeur**
Eerste goedkeuring	30 November 2011
Hersiening	15 Junie 2017
Hersiening	1 Januarie 2019
Hersiening	11 November 2020
Hersiening	8 Februarie 2023
Hersiening	22 Julie 2024

1. TITEL

Die titel van hierdie dokument is *Godsdiensbeleid van Hoërskool Oos-Moo*t.

2. INWERKINGTREDINGSDATUM

Die implementering van hierdie beleid sal effektief wees met die goedkeuring van die Hoof van die Departement (HOD).

3. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING

Hierdie beleid sal elke drie jaar hersien word of vroeër wanneer daar 'n verandering in relevante wetgewende raamwerk of operasionele vereistes is of op versoek van die Hoof van die Departement.

4. WYSIGINGSGESKIEDENIS

Sien wysigingsgeskiedenis

5. UITGANGSPUNT EN BASIS

Die uitgangspunt en basis van die godsdiensbeleid is dat volle effek gegee moet word aan al die fundamentele regte ten aansien van godsdienstige oortuiging van leerders in onderwysverband soos in die algemeen erken in die Handves van Regte in hoofstuk 2 van die Grondwet en spesifiek vermeld in artikel 31(1) van die Grondwet.

6. INLEIDING

6.1 Die Grondwet en die Suid-Afrikaanse Skolewet gee die toon aan vir mense met welwillendheid om hul eie benaderings uit te werk en dit in die godsdiensbeleid uit te druk.

6.2 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika beklemtoon dat daar balans moet wees tussen vryheid vir godsdienstige oortuiging en uitdrukking en vryheid van godsdienstige dwang en diskriminasie. Dit waarborg dat "Elkeen die reg het op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging, opinie, godsdienstige oortuiging, uitdrukking en assosiasie." Die Grondwet verbied ook uitdruklik onbillike diskriminasie op gronde wat godsdiens, oortuiging en gewete insluit.

6.3 Die Suid-Afrikaanse Skolewet, handhaaf die grondwetlike regte van alle burgers op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en opinie, en vryheid van onbillike diskriminasie op enige gronde hoegenaamd. Dit laat toe dat godsdienstige vieringe by 'n openbare skool gehou word onder reëls uitgereik deur die beheerliggaam indien sodanige vierings op 'n billike basis uitgevoer word en bywoning deur leerders en lede gratis en vrywillig is.

6.4 Die Godsdiensbeleid van Hoërskool Oos-Moot word deur die volgende beginsels ondersteun:

a) erkenning van die ryk en diverse godsdienstige erfenis van ons land;

b) aanvaarding van 'n koöperatiewe model wat ons ryk godsdienstige erfenis aanvaar; en

c) die skepping van interaksie tussen die skool en geloof, terwyl ons jongmense beskerm word teen godsdiensdiskriminasie of dwang.

7. DOEL

Die primêre doel van hierdie godsdiensbeleid is om verdraagsaamheid en eenheid onder leerders en personeel te bevorder deur diversiteit van godsdienstige praktyke en oortuigings wat in die skoolgemeenskap bestaan.

8. DOELWITTE

Die doelwitte van die beleid is as volg:

8.1 Om te verseker dat daar geen diskriminasie plaasvind teenoor leerders of personeel op die basis van godsdiens nie.

8.2 Om verdraagsaamheid tussen leerders en onderwysers aan te moedig.

8.3 Om ‘n beleid ten opsigte van die volgende daar te stel:

- Godsdienstige vakansiedae
- Geloofsopvoeding
- Vryheid van geloof
- Vryheid van assosiasie
- Verskillende godsdienstipes
- Godsdienstige feeste
- Godsdiens en toelating

9. WOORDOMSKRYWINGS EN AKRONIEME

In hierdie dokument, tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en beteken:

9.1 Definisies

Woordomskrywing	**Betekenis**
Beheerliggaam	Die beheerliggaam van Hoërskool Oos-Moot soos beoog in Artikel 16 (1) van die Skolewet, 1996.
Gewetensvryheid	Verwys na die vryheid van 'n individu om 'n feit, standpunt of denke onafhanklik van ander te oorweeg.
Godsdiens	Die omvattende en fundamentele oriëntasies in die wêreld, met bepaalde verwysing na heilige oortuigings.
Godsdiensbeoefening	Aktiwiteite, gedrag en praktyke wat die sienings, oortuigings en verpligtinge van 'n bepaalde godsdiens erken en uitdruk.

Woordomskrywing	Betekenis
Godsdiensbeleid	Die godsdiensbeleid in hierdie dokument vervat.
Godsdiensonderrig	'n Program met inligting oor 'n bepaalde godsdiens wat ten doel het om navolging van daardie bepaalde godsdiens te bevorder.
Godsdienstige vakansiedae	Spesiale vakansiedae wat aan godsdiens gekoppel word en waar die betrokke geloof die dag mag gebruik ter herdenking van 'n spesiale dag in die geloofsdagboek.
Grondwet	Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet 108 van 1996).
Leerder	Die kind wat onderrig ontvang by die skool.
Skolewet	Die Suid Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996).
Skool	Hoërskool Oos-Moot, 'n openbare skool wat leerders in een of meer grade van graad 8-12 inskryf.
Skooldag	Verwys na daardie gedeelte van elke dag waarin dit verpligtend is vir onderwysers en leerders om by die skool te wees. Dit behels die 7 uur kontaktyd wat van opvoeders en leerders verwag word, insluitend pouses, verpligte aktiwiteite, byeenkomste en buitemuurse aktiwiteite.
Skoolhoof	Die prinsipaal van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook 'n opvoeder by die skool wat met goedkeuring van die skoolhoof en die beheerliggaam namens die skool handel.

9.2 Akronieme

Term	Verduideliking
SBL	Skoolbeheerliggaam
HOD	Hoof van departement
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad

10. TOEPASSING EN OMVANG VAN DIE BELEID

Hierdie beleid is van toepassing op die leerders, opvoeders, ondersteuningspersoneel, die skoolbestuur en ouers van leerders by die skool.

11. WETGEWENDE RAAMWERK

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996), soos gewysig.
- Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet No. 27 van 1996), soos gewysig.
- Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), soos gewysig.
- Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet No. 76 van 1998), soos gewysig.
- Gauteng Onderwysbeleid Wet, 1998 (Wet No. 12 van 1998), soos gewysig.
- Gauteng Skole Onderwyswet, 1995 (Wet No. 6 van 1995), soos gewysig.
- Nasionale Beleid oor Godsdiens en Onderwys (Algemene Kennisgewing No. 1307 van 2003)
- Toelating van Leerders tot Openbare Skole (Algemene Kennisgewing No. 4138 van 2001).

12. RELEVANTE BELEID EN PROVINSIALE OMSENDBRIEWE

- Omsendbrief 19 van 2004
- Nasionale Beleid oor Godsdiens en Onderwys (Algemene Kennisgewing No. 1307 van 2003)

13. IMPLEMENTERING EN OMVANG VAN DIE BELEID

13.1 Implementering

a) Behoudens die bepalings van die godsdiensbeleid sal daar teen geen leerder op grond van sy of haar godsdienstige oortuiging gediskrimineer word nie, in ag geneem dat dit nie die veiligheid van ander leerders in gevaar stel nie.

b) Die godsdienstige norme en waardesisteme waarop die skool funksioneer is die norme en waardesisteme van die Christelike godsdiens aangesien die oorgrote meerderheid van die leerders aan Christelike kerke behoort. Hierdie norme en waardesisteme word bepaal deur die demografie van die skool, die profiel van die leerders en hul voorkeur geloof.

c) Die skool reël geleenthede waartydens die waarhede van die Christelike geloof volgens die Bybel met leerders van Christelike oortuiging behandel word.

d) Die Skoolopeninge en dagafsluitings word met Skriflesing uit die Bybel begin, met dienverstande dat geen leerder gedwing word om enige byeenkoms waar die Christelike godsdiens beoefen of geleer word by te woon nie.

e) Die skool mag, wanneer nodig en soos goedgekeur deur die Beheerliggaam, sy fasiliteite gebruik vir godsdienste geleenthede ter bevordering van geloofsvryheid en vryheid van assosiasie binne die gemeenskap.

13.2 Vryheid van gewete

a) Geen persoon wat by Hoërskool Oos-Moot werksaam is, sal probeer om die leerders in enige bepaalde geloof of godsdiens te indoktrineer of enige godsdiens te afkraak nie.
b) In hierdie verband sal die skool die regte en pligte van die ouers respekteer om leiding aan hul kinders te gee in die uitoefening van hul regte as leerders.
c) Die Skoolbeheerliggaam erken die reg van opvoeders en nie-opvoeders op gewetevryheid en sal nie pligte of verantwoordelikhede op personeel oplê sonder hul toestemming nie.

13.3 Leerder deelname

a) By Hoërskool Oos-Moot is daar godsdiensvryheid.

b) Leerders word toegelaat om vrywillig aan godsdienstige aksies wat deur die skool gereël word, deel te neem. Leerders word nie gedwing om hieraan deel te neem nie en daar word nie teen enige leerder gediskrimineer wat nie aan die godsdienstige aksie deelneem nie.

c) Leerders wat verkies om nie aan godsdienste aksies deel te neem nie, sal die geleentheid kry om onder toesig aan ander goedgekeurde aksies deel te neem.

13.4 Onderwyser deelname

a) Onderwysers word toegelaat om vrywillig aan godsdienstige aksies wat deur die skool gereël word, deel te neem. Onderwysers word nie gedwing om hieraan deel te neem nie

b) Onderwysers hoef nie die leiding te neem tydens godsdienstige aksies wat deur die skool gereël word nie

c) Onderwysers beloon of straf nie leerders omdat hulle soortgelyke of verskillende godsdienstige standpunte het nie. Dit bly egter steeds die onderwyser se verantwoordelikheid om te midde van geloofsvryheid te alle tye die leerders se veiligheid binne die raamwerk van die wet te verseker

13.5 Bevordering van godsdiensvryheid

a) Die skool bevorder godsdiensvryheid deur leerders op hoogte te hou van hulle vrye keuse in hierdie verband.

b) In die algemeen neem die beheerliggaam en elke onderwyser by die skool redelike stappe om leerders in te lig oor die belangrikheid van respek vir en verdraagsaamheid teenoor verskillende godsdienstige groeperings in die gemeenskap.

c) Indien daar 'n groot genoeg aanvraag van 'n ander godsdienstige groepering in die skool sou ontstaan met aandrang op 'n eie godsdienstige byeenkoms in dieselfde tyd as die Christelike byeenkoms, sal die skool daarvoor voorsiening maak.

d) Die skoolhoof lewer jaarliks aan die beheerliggaam verslag oor godsdienstige aangeleenthede by die skool en tendense in hierdie verband, waarvan die beheerliggaam kennis behoort te dra.

13.6 Godsdienstige vakansiedae vir leerders

a) Leerders word toegelaat om aan hul godsdienstige vakansiedae deel te neem.

b) Die nodige reëlings sal getref word om te verseker dat indien 'n leerder enige skoolwerk mis as gevolg van die godsdienstige vakansiedag, dat die leerder geleentheid sal hê om die werk in te haal.

c) Ouers van leerders moet die skoolhoof vroegtydig skriftelik in kennis stel van beplande nie-Christelike vakansiedae waar die leerder waarskynlik nie skool sal kan bywoon nie.

d) Die skool sal rekord hou van hierdie versoeke vir verwysingsdoeleindes.

13.7 Godsdienstige vakansiedae vir onderwysers en ander personeel

a) Onderwysers en ander skoolpersoneel wat aan godsdienstige vakansiedae buite die bestaande Christelike vakansiedae wil deelneem, moet 'n verlofvorm voltooi waarop hulle aandui dat hulle spesiale verlof versoek vir godsdienstige geleenthede.

b) Onderwysers word beperk tot drie (3) dae per jaar spesiale verlof vir godsdienstige geleenthede.

c) Versoeke vir beplande afwesigheid van onderwysers sowel as ander skoolpersoneel vir godsdienstige geleenthede moet voor die einde van die vorige akademiese jaar voltooi word en aan die Distriksdirekteur deurgestuur word.

13.8 Skoolkalender

Die skool dui Christelike vakansiedae op die skoolkalender aan en sal sorg dat eksamens en toetse nie op hierdie dae plaasvind nie.

13.9 Diëetbehoeftes

Waar van toepassing sal die skool tydens skoolgeleenthede die onderwysers, ander skoolpersoneel en ouers aanmoedig om voorsiening te maak vir die onderskeie godsdienste se diëetbehoeftes.

13.10 Godsdienstige instruksie

a) Godsdienstige instruksie vorm nie deel van die skool sillabus nie.

b) Leraars of geestelike leiers van verskillende Christelike denominasies mag uitgenooi word om die leerders oor godsdienstige kwessies toe te spreek

c) Bywoning van sulke geleenthede is vrywillig.

d) Die toepassing van godsdiens mag insluit:

- Sing van liedere

- Die opening en afsluit van skoolgeleenthede
- Uitnooi van gassprekers
- Films en toneelstukke

13.11 Godsdiensopvoeding

a) Die Lewensorientering vak moet doelbewus morele en etiese standaarde by leerders kweek.

b) Leerders leer wel van verskillende tipes godsdienste maar dit mag nie op die leerder afgedwing word nie.

c) Leerders het die reg tot godsdienstige onderrig, maar het die keuse of hy/sy aan godsdienstige aksies wil deelneem.

13.12 Saalopening

a) Leerders en personeel wat nie aan die Christelike opening tydens saalopening wil deelneem nie, sal nie gedwing word om dit by te woon nie.

b) Leerders sal verskoon word van sulke openinge indien ouers dit skriftelik versoek, maar moet die res van die saalopening (na skriflesing en gebed) bywoon. Personeel sal ook verskoon word van die skrifelsing en gebed, mits hulle ’n skriftelike versoek aan die hoof gerig het vir goedkeuring. Onderwysers sal steeeds die res van die opening moet bywoon.

13.13 Nie-publieke godsdienstige vakansiedae

a) Geen leerder of onderwyser mag afwesig wees tydens die skooldag sonder toestemming nie.

b) Die skool mag vroeg sluit om godsdienstige dienste by te woon mits die Distriksdirekteur dit so goedkeur.

c) Waar daar ’n nie-publieke godsdienstige vakansiedag is waar 'n groot hoeveelheid van die skool se kinders afwesig gaan wees, mag die skool oorweeg om te sluit vir daardie spesifieke dag.

d) Die skool doen by die Distriksdirekteur aansoek om daardie dag te sluit.

13.14 Publieke Godsdienstige vakansie dae

Indien die skool op Christelike godsdienstige vakansiedae, wat as openbare vakansiedae aangedui word, enige aktiwiteite, sportgeleenthede, eksamens, toetse of ander opvoedkundige geleenthede wil organiseer, moet skriftelike aansoek vir goedkeuring by die beheerliggaam gedoen word.

13.15 Godsdiens en toelating

a) Kriteria vir toelating mag nie onregverdig diskrimineer teen leerders op die basis van godsdiens, assosiasie, geloof of opinie nie.

b) Leerders van geloof, anders as die Christelike geloof, moet kennis neem van hierdie beleid met spesifieke verwysing na 9.1 en 9.2.

13.16 Sluiting van die skool

a) Geen leerder of opvoeder mag gedurende die skooldag sonder toestemming van die skool afwesig wees nie.
b) Vroeë sluiting van die skool om 'n godsdiensdiens by te woon, kan toegelaat word, mits dit binne gereguleerde kontaktyd is en deur die Distrikdirekteur goedgekeur word.
c) Waar 'n godsdienstige vakansiedag/fees tot gevolg sal hê dat groot getalle leerders en opvoeders op 'n bepaalde dag van die skool afwesig is, kan die skool dit oorweeg om vir daardie spesifieke dag te sluit.
d) Aansoek om sluiting moet wye en verteenwoordigende konsultasie met die ouergemeenskap weerspieël. Die versoek moet die besonderhede insluit van hoe die skool die verlore tyd as gevolg van die viering van 'n godsdienstige vakansiedag/fees sal inhaal.
e) Indien konsultasie nie konsensus tot gevolg het oor die sluiting van die skool nie, sal die prosedures ten opsigte van die onttrekking van individuele leerders uit die skool deur hul ouers geld.
f) Die skool moet vroegtydig skriftelike goedkeuring van die Departementshoof van die Gauteng Departement van Onderwys verkry.

13.17 Godsdienstige drag en simbole

a) Die gebruik van godsdienstige simbole is aanvaarbaar, mits dit as voorbeelde van godsdienstige of kulturele erfenis gebruik word en/of as onderrighulpmiddels in die klaskamer gebruik word.
b) Die skool mag nie 'n drag van 'n bepaalde godsdiens uitsonder vir verbod of regulering nie, mits die drag gebruike simboliseer wat in stryd is met die Grondwet nie. Dit sluit kruise of kruisbeelde, hoede/topees en kopdoeke, yarmulkes, dreadlocks, neusringe ens in.
c) Leerders mag godsdienstige drag of simbole dra, mits hulle by die skool aansoek doen en bewyse aan die skoolhoof verskaf oor die godsdienstige betekenis van die drag en/of simbole.

14. AKKOMMODERING VAN GODSDIENSTIGE EN/OF KULTURELE GEBRUIKE VAN LEERDERS

14.1 Praktyke, gedrag of verpligtinge wat verband hou met die kernwaardes en oortuigings van 'n erkende godsdiens en/of kultuur van 'n leerder en welke praktyke, gedrag of verpligtinge wat in konflik is met enige reël vervat in hierdie Gedragskode, kan geakkommodeer word met toestemming tot 'n redelike afwyking van hierdie Gedragskode deur die skool se beheerliggaam na ‘n skriftelike aansoek aan die skool beheerliggaam.

14.2 Die leerder, bygestaan deur sy/haar ouer/s, moet aansoek doen vir 'n redelike afwyking van die standaard skoolreëls indien sodanige reëls in konflik is met, of inbreuk maak op enige godsdienstige en/of kulturele regte van die leerder.

14.3 Sodanige aansoek moet op skrif gestel word aan die skool se beheerliggaam en moet die volgende besonderhede en/of inligting insluit:

a) 'n redelike interpretasie van die godsdienstige en/of tradisionele regte (soos voorgeskryf deur die Gronwet) wat na mening van die leerder en sy/haar ouers deur 'n reël in die skool se gedragskode ingeperk word sowel as 'n voorstel van hoe die reëls aangevul kan word of by goedkeuring van die skool se beheerliggaam geakkommodeer kan word;

b) die spesifieke reël/s in die skool se gedragskode wat inbreuk maak op die leerder se godsdienstige en/of tradisionele praktyke, soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika;

c) 'n brief van 'n godsdienstige/tradisionele leier, wat die volgende bevestig:

i. die bestaan van so 'n godsdienstige en/of tradisionele praktyk, gedrag of verpligting;

ii. of sodanige godsdienstige en/of tradisionele praktyk of gedrag vrywillig of verpligtend van aard is;

iii. of die betrokke kulturele of godsdienstige gemeenskap dit ag dat sodanige praktyk ‘n vrystelling van skoolreëls regverdig; en

iv. dat die leerder aan so 'n godsdienstige en/of tradisionele groep behoort en aktief deelneem aan sy praktyke, gedrag of verpligtinge.

14.4 By ontvangs van die bogenoemde skriftelike aansoek, sal die skool se beheerliggaam:

a) die aansoek om afwyking en/of vrystelling van enige bepaling van die skool se gedragskode met die nodige erns en verantwoordelikheid oorweeg, inaggenome die volgende:

i. die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika

ii. toepaslike wetgewing en beleidsdokumente;

iii. betrokke beslissings deur howe;

iv. of sodanige godsdienstige en/of tradisionele praktyk of gedrag vrywillig of verpligtend is;

v. of die betrokke kulturele of godsdienstige gemeenskap dit ag dat sodanige praktyk ‘n vrystelling van skoolreëls regverdig;

vi. die omvang van die vrystelling en/of afwyking vereis (m.a.w. hoe groot afwyking van die gewone skoolreëls is); en

vii. die effek van die toestaan van die vrystelling en/of afwyking op die bereiking van 'n "gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing, toegewy aan die verbetering en instandhouding van die kwaliteit van die leerproses";

14.5 Die leerder en sy/haar ouers moet die skool binne 30 skooldae skriftelik in kennis stel van sy/haar besluit.

15. GOEDKEURING

Hierdie beleid is aanvaar en goedgekeur op ‘n Beheerliggaam vergadering van Hoërskool Oos-Moot.